Witbank Suid N.G. gemeente het op Sondag 21Junie vir die eerste keer in hulle 66ste bestaansjaar 'n historiese eerste inry erediens gehad . Dit was die briljante gedagte van een van die twee leraars Ds. Frans Steenkamp. Minstens sestig motors met ongeveer 150 siele het opgedaag en met die oorweldigende positiewe terugvoer op die Facebook blad van die gemeente het die gemeente besluit om op Sondag 28 Junie voort te gaan met die inry erediens. Ds. Frans het die eerste inry diens behartig en 'n platbak sleepwa as kansel gebruik. Omdat die leraars volgens 'n preekrooster werk was dit op 28 Junie Ds. Maans van Zyl se preekbeurt en hy het weer die bak van 'n 1968 Jeep gebruik vanwaar hy die gemeente bedien het. Die kerkraad diakens wys elke keer flink parkeerplekke aan en die klank man doen sy ding deur vier luidsprekers gedryf deur 'n goeie versterker. Die gemeente is bevoorreg om 'n welkome stuk oop grond agter die kerkgebou te besit wat hom perfek daartoe leen vir sulke inry geleenthede. Ten spyte van 'n erge koue oggend op 28 Junie het baie gemeentelede die koue getrotseer en was daar self meer motors op die terrein as die vorige Sondag. Inderdaad hou Christus self Sy kerk in stand.